GRAAD 4 - 6
NUUSBRIEF

4de Kwartaal | Uitgawe 11 | Datum: 6 November 2018

Lees weer die week se teks saammet jou gesin en gesels saam daaroor.

Genesis 15

VERLEDE SONDAG

By enige sportbyeenkoms speel die skare natuurlik 'n groot rol in die ondersteuning van die spelers. Dit is mos lekker om te weet ma en pa staan langs die baan om jou aan te moedig.

Waarom gebeur dit baie maal dat 'n rugbyspan nie wen as hulle oorsee speel nie?

Dis mos baie lekker om te hoor hoe jou ondersteuners jou aanmoedig. Dan speel jy sommer baie beter.

Die Bybel praat ook van 'n skare wat ons aanmoedig om die geestelike wedloop te hardloop.

Lees gerus weer die afgelope Sondag se teks saam met jou kind en gesels daaroor:

Hebreërs 12:1-2

Hoe kan julle as gesin mekaar aanmoedig om die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop?

Deel ook met jou kind wie jou aangemoedig het in jou geloofslewe en watter rol daardie persoon in jou geloofsvorming gespeel het.

KINDERKERSDIENS

Op Sondag, 18 November het ons 'n baie spesiale diens vir al ons gesinne met Laerskoolkinders.

Ons gaan bietjie op 'n kreatiewe manier deur die kersverhaal "journey" en na temas kyk soos geloof, hoop, liefde en vreugde.

Moet nie hierdie geleentheid vir julle as gesin misloop nie. Elke gesin gaan ook 'n spesiale "boksie" ontvang met advent aktiwiteite. Lekker kreatiewe dinge wat julle kan help om saammet jou gesin te reis in die vier weke voor Kersfees.

Datum: Sondag, 18 November

Plek: Klipkerk

Tyd: 10:00 - 11:00